**Skriflesing:** Gen 12:1-5; 17:15-16; 18:1-15; 1 Pet 3:3-6
**Tema:** Hoe mooi is jy?

**Sara – die vrou wat regtig mooi was.** (1 Petrus 3:3-6 uit "Die Boodskap")
[3]Ek vra julle: Wanneer is ’n vrou regtig mooi? Vir ’n Christen sit skoonheid nie aan die buitekant nie, maar dit kom van binne. Moenie julle te veel daaroor bekommer of julle klere in die mode is en julle hare pragtig versorg is nie. Mooi juweliersware is ook nie nodig om julle mooi te maak nie. [4]Nee, ’n vrou se eintlike skoonheid kom van binne af. Hoe mooi is dit nie as ’n vrou sag en vriendelik optree nie! Of ’n vrou nou oud of jonk is, hierdie soort mooiheid kan jy nie van haar af wegvat nie. In God se oë is dit die kosbaarste juwele wat ’n vrou kan dra. [5]In die ou tyd het die vroue wat God getrou met alles gedien het, hulle ook so mooi gemaak. Hulle was goeie vroue wat die leiding van hul man aanvaar soos hulle die leiding van die Here aanvaar het. [6]Dink aan Sara as voorbeeld. Sy het na Abraham geluister en erken dat hy die leiding in die gesin moes neem. As julle reg leef en nie toelaat dat mense julle bangmaak of verkleineer as julle vir God leef nie, behoort julle soos Sara ook aan God se geestelike gesin.

Sarai beteken "prinses". Sy was in die oë van die wêreld ‘n baie suksesvolle vrou. Sy het alles gehad. Sarai was ‘n uiterlik pragtige vrou wat die oog gevang het oral waar sy gaan. Sy was gelukkig getroud met ‘n groot familie en vriendekring. Vir 60 jaar het sy in Ur van die Galdeërs gebly in ‘n veilige, waarskynlik luukse huis. Van die huise wat later hier opgegrawe is, het meer as 12 vertrekke gehad, sowel as lopende water.
Ur was ’n besige en suksesvolle stad met baie ambags- en verkoopsmense. Sarai kon kies en keur by watter winkelsentrum sy koop.

Maar daar was ook hartseer in haar lewe. Sy kon nie nie kinders kry nie. Verder het die lewe sy rustige gang gegaan, tot die dag toe alles verander het.
Abram het na Sarai toe gekom, hy was baie opgewonde. Hy kon skaars glo wat sopas gebeur het. Hulle God het met hom gepraat. Stel jou voor hoe Sarai met groot oë na haar man kyk en hom verbaas vra: "Wat het Hy vir jou gesê? Asseblief, sê vir my!"
Abram vertel dat die Here gesê het: "Trek weg uit jou land en van jou familielede na die land wat ek jou sal wys." Dit is die beloofde land van jou en jou nageslag.
Nadat hulle opgewondenheid bietjie bedaar het, het hulle begin dink oor wat hierdie opdrag van Here vir hulle sou beteken. Hulle sou hulle gevestigde, gemaklike en bekende lewe moes agterlaat en swerwers word!
Hoe het Sarai, stadsmeisie, hieroor gevoel? Sal sy bereid wees om saam met Abramdie groot verandering in hulle lewe te maak? Sal sy na onbekende plekke reis en ’n lewe vol gevaar en swaarkry aanpak, sonder die vooruitsig om ooit weer terug te kom.

Sarai was bereid om weg te trek van alles wat sy so goed geken het. Waarom was sy bereid?

Want sy was ‘n vrou met ‘n dieper skoonheid as wat die oog kan sien, ‘n geestelike skoonheid. Sy het God gedien en haar man innig liefgehad.
Hulle trek vir 1 400 km. Eers na Haran wat 960 km weg was. Daar sterf hulle pa, Tera.
Die Here praat weer met Abram en bevestig sy belofte van ‘n groot nageslag. Maar toe hulle Haran verlaat, was Abram al 75 en Sarai 65 jaar oud, en hulle het steeds nie kinders gehad nie.

Hul is skaars in die beloofde land toe hongersnood uitbreek. Hulle trek weer, die keer na Egipte.

Daar sien ons dat nie Sarai of Abram volmaak was nie. Hulle het minder mooi dinge aangevang. Hulle beleef tye van twyfel. Hulle maak hulle eie planne en hulle maak droog omdat hulle nie bereid was om op God te wag nie.
As hulle Egipte en ook later die Suidland, waar Abimelek die Filistynse koning was, intrek, dan sê Abram dat Sarai moet sê dat sy sy suster is. Sy is ‘n mooi vrou. En as die farao of die koning Abimelek haar sien, wil hulle haar dalk as vrou vat en, soos die gebruik was in hierdie tyd, sal hulle hom doodmaak.
Abram red sy eie bas en Sarai neem deel aan die leuen.
Sarai is nie volmaak nie, maar sy bly getrou aan haar God en haar huweliksmaat.

Na 10 jaar terug in Kanaan neem Sarai reg in eie hande. Sy maak haar eie plan om ‘n nageslag te verseker en bied haar slavin, Hagar, vir Abram aan omby ‘n kind te kry. Ismael word verwek met al die skande en hartseer wat daarmee gepaard gaan. In hierdie tyd wankel Abram en Sarai se huwelik so bietjie. (Genesis 16:5)

By die groot bome van Mamre verskyn die Here aan Abraham deur 3 besoekers wat hom verseker dat hul oor ‘n jaar sal terugkom en dan sal Sara ‘n kind hê. Sara lag toe sy dit hoor. ‘n Jaar later, toe Sara 90 jaar oud was, word Isak wat “hy lag” beteken, gebore.

In hul kleingeloof en eie pogings moes Abraham en Sara leer dat die “menslik onmoontlike” vir God maklik is. Sara was nie nie volmaak nie, maar mooi in die oë van God en die mense.

Hoe mooi is jy? Dit maak nie saak hoe jy vir jouself in die spieël lyk nie, daar is vir God ‘n baie belangriker soort mooi. Wanneer ons vir God leef en ons God en mense liefhet en dien is ons mooi. Wanneer ons sag en vriendelik is, gehoorsaam aan God leef en vrou of man is soos God dit wil, is ons almal mooi.
Amen